Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Riglyne vir Studente oor Akademiese Integriteit



## Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe (FLSW)

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe


**Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe heg waarde aan akademiese integriteit.** Om integriteit te hê, beteken dat jy eerlik, met respek, billik, verantwoordelik en verantwoordbaar optree. As student sal jy met die idees en werk van ander persone kennis maak en die taak kry om daardie idees en werk op 'n deursigtige, gepaste manier by jou eie akademiese uitset in te werk. Die Fakulteit aanvaar verantwoordelikheid daarvoor om studente te leer hoe om ander persone se idees en werk gepas te gebruik én om gevalle te beoordeel waarin daar gereken word dat 'n student nié met integriteit gehandel het nie. Hierdie dokument gee vir studente riglyne oor hoe om met integriteit te handel. Dit sit ook die prosesse uiteen wat ons volg wanneer ons reken dat 'n student plagiaat gepleeg of generatiewe kunsmatige-intelligensie- (KI-)nutsmiddels op 'n onetiese manier aangewend het.

Die Fakulteit se benadering tot plagiaat en toelaatbare KI-gebruik is begrond op die volgende vier dokumente wat op ons Komitee vir Onderrig en Leer se webblad (https://arts.sun.ac.za/teaching-and-learning-committee) beskikbaar is:


- **US Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van akademiese integriteit), 2016**
- Prosedure vir die Ondersoek na en Bestuur van Aanklagte van Plagiaat, 2016 (hierna "die Prosedure")
- Konsep- Tussentydse US-riglyne oor Toelaatbare KI-gebruik en Akademiese Integriteit in Assessering (hierna "die US-riglyne")
- US Posisieverklaring oor die Etiese Gebruik van Kunsmatige Intelligensie in Navorsing en Onderrig-Leer-Assessering

Die Fakulteit verwag dat jy jou vergewis van die US Plagiaatbeleid en die Konsep-Tussentydse US-riglyne oor Toelaatbare KI-gebruik en Akademiese Integriteit in Assessering. Hierdie dokument herhaal nie wat in daardie dokumente staan nie; dit verduidelik die proses waarvolgens die Fakulteit skending van akademiese integriteit hanteer.

**Plagiaat** is 'n soort kopiëring. Dit behels gewoonlik dat 'n outeur iemand anders se idees en/of woorde gebruik sonder om erkenning aan die oorspronklike outeur te gee. Plagiaat sluit 'n spektrum praktyke in, vanaf die volskaalse toe-eiening van 'n ander outeur se werk tot onvoldoende verwysings wat die bronne van jou idees aantoon. Afgesien daarvan dat plagiaat op skending van akademiese integriteit neerkom, dui dit op voorgraadse vlak ook dikwels op 'n gebrekkige begrip van akademiese tekste en die konvensies wat in akademiese skryfwerk gevolg word.



Die opkoms van **generatiewe KI** wat in die openbare domein beskikbaar is, het in 2022 'n bepalende keerpunt in die geskiedenis van onderrig en leer aan universiteite gebring. Dit stel talle uitdagings, waarmee dosente steeds worstel. Op die een uiterste van hierdie spektrum oorvleuel KI-hulpbronne met plagiaat-agtige gedrag. So kan 'n student die onderwerp van 'n voorgraadse werkopdrag in Chat GPT of 'n soortgelyke generatiewe-KI-kletsbot invoer en die uitset wat



gegenereer word as hulle eie werk aanbied. Sulke KI-gebruik is soortgelyk daaraan om 'n derde party (gewoonlik 'n ander student of 'n "essaymeule"-webblad) te vra om jou werkopdrag vir jou te skryf. Net so kan 'n student KI gebruik om 'n beeld te genereer en dit dan as hulle eie kreatiewe werk aanbied. Dit is egter nie die enigste manier waarop KI oneties gebruik kan word nie - énige oortreding van die reëls vir toelaatbare KI-gebruik in 'n bepaalde module is 'n skending van akademiese integriteit en sal in daardie lig hanteer word.

FLSW: Riglyne vir Studente oor Akademiese Integriteit

## Die Fakulteit se benadering in die hantering van plagiaat en onetiese KI-gebruik behels drie stappe:




## Opvoeding

Opvoeding oor hoe om plagiaat en onetiese KI-gebruik te vermy, behels meer as om verwysingstegnieke aan te leer. Dit behels ook dat studente die vaardighede verwerf wat met die ontwikkeling van 'n "akademiese stem" verband hou. Daarom word die konvensies van akademiese lees- en skryfwerk in Kennisvaardighede 172 – in die meeste voorgraadse modules – onderrig.

- ✓ Dit is verpligtend om alle lesings en tutoriale oor hierdie onderwerpe by te woon sodat jy die nodige begrip en vaardighede kan bekom.

Daarby het die meeste akademiese departemente riglyne oor skryfpraktyk en -konvensies op hulle vakgebied.

- ✓ Hou in gedagte dat verskillende vakgebiede (dissiplines) en departemente verskillende skryfkonvensies volg. Dit is jou plig om te sorg dat jy bekend is met die konvensies in die dissiplines waarin en die departemente waarby jy geregistreer is.

Daarby geld die onderstaande prosedures vir alle voorgraadse modules aan die FLSW:

- ✓ Hierdie dokument word op elke module se SUNLearn-webblad geplaas. Dit is jou plig om te sorg dat jy die dokument gelees het en verstaan.
- ✓ Die dosent of modulekoördineerder bespreek met studente die proses wat in geval van plagiaat of onetiese KI-gebruik gevolg word, en laat dié bespreking aansluit by 'n breër

gesprek oor die soorte assessering in die module. Dit is jou plig om hierdie lesings by te woon en vrae te stel as iets onduidelik is.

- ✓ As die dosent KI-gebruik in die module en vir assesserings toelaat, sal dit in die moduleraamwerk staan. Let op dat die reëls oor hoe om met KI om te gaan, van module tot module kan verskil. Dit is jou plig om te sorg dat jy die regte reëls vir 'n bepaalde module lees en toepas. As die dosent nie uitdruklik na KI verwys nie, aanvaar dat jy nié KI mag gebruik nie.

- ✓ Waar KI-gebruik toegelaat word, moet jy rekord hou van jou interaksies met KI sover dit die werkopdrag aangaan (ook jou soekgeskiedenis en porvrae). Selfs al word daar nie vereis dat jy hierdie dokumentasie saam met jou werkopdrag inlewer nie, moet jy dit bewaar ingeval jou dosent vermoed dat jy KI oneties gebruik het.

- ✓ Jy moet die plagiaatverklaring (sien Bylae 1) lees en onderteken, asook die KI-verklaring (sien Bylae 2), voordat jy enige assessering inlewer.

## Evaluering van plagiaat en onetiese KI-gebruik

Dosente gebruik Turnitin om die oorspronklikheid en integriteit van studente se werk te assesseer. Turnitin se gelyksoortigheidsverslag is nie onomstootlike bewys van plagiaat nie, maar dit dra gewig as getuienis. Daar word van dosente verwag om hulle professionele oordeel in die vertolking van gelyksoortigheidstellings aan te wend, met inagname van die inhoud, aard en doel van die opdrag.

Waar kwelpunte voorkom, kan dosente ook ander aanduiders – soos konsekwente skryfstyl, verwysingspraktyke, of mondelinge bevestiging van begrip – aanwend om 'n omvattende assessering van die integriteit van die student se werk te vorm.

Alle vermoedelike gevalle word volgens die Fakulteit se proses van Opvoed–Evalueer–Beoordeel, wat akademiese integriteit deur opvoeding, billike evaluering en deursigtige besluitneming bevorder, hanteer.

## Beoordeling: plagiaat

Die proses om vermoedelike gevalle van plagiaat te beoordeel, behels dat getuienis ingesamel en die blaamwaardigheid bepaal word van die persoon wat daarvan verdink word. Die US Plagiaatbeleid omskryf blaamwaardigheid soos volg:

> "Blaamwaardigheid (opsetlik of nalatig) van die persoon wat plagiaat gepleeg het: Het die persoon doelbewus (opsetlik) plagiaat gepleeg, of onder omstandighede wat daarop dui dat hy/sy redelikerwys bewus moes wees van die plagiaat (nalatigheid)? Die mate van blaamwaardigheid (opsetlik of nalatig) moet bepaal word om 'n bevinding van plagiaat te maak" (par. 7.1; sic.).

US-dokumente oor plagiaat voorsien vir twee algemene kategorieë: "minder ernstige gevalle" en "meer ernstige gevalle".

- "Minder ernstige gevalle [wat 'eerste oortreders, meer junior studente, beperkte omvang van plagiaat en nalatigheid eerder as blatante intensie (opsetlik)' kan insluit], soos bepaal volgens die faktore beskryf in die Beleid, word waar van toepassing, op departementele of fakulteitsvlak hanteer volgens interne fakulteitsprosesse wat deur die Dekaan of Fakulteitsraad goedgekeur moet word en op skrif gestel word vir rapporteringsdoeleindes" (die Prosedure, par. 5.1.2; sic.).
- "Meer ernstige gevalle [wat 'herhaalde oortreders, breedvoerige bewys van plagiaat in 'n belangrike stuk werk soos 'n tesis, nagraadse studente (veral Meesters of Doktorale studente), akademiese personeel, bewys van growwe nalatigheid of blatante intensie (opsetlik), ens.' kan insluit], soos bepaal volgens die faktore beskryf in die Beleid, moet deur die Fakulteit na Studente Dissipline (Regsdienste) verwys word vir ondersoek in terme van die Dissiplinêre Kode vir Studente, tensy daar besluit word om die Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde te volg in stede van hierdie Prosedure" (die Prosedure, par. 5.1.3; sic.).

In alle gevalle waar plagiaat vermoed word, hetsy minder of meer ernstig, kontak die dosent, modulekoördineerder of departementshoof die student. Die Vorm vir die Dokumentering van Skending van Akademiese Integriteit (Bylae 3) moet ingevul en in die departement bewaar word. Waar toepaslik kan die vorm vir verdere optrede aan Studentedissipline (Regsdienste) voorgelê word.

## Beoordeling: onetiese KI-gebruik

Soos met plagiaat, behels die proses om te beoordeel of KI oneties gebruik is dat bewyse ingesamel en die blaamwaardigheid van die persoon onder verdenking bepaal word. Die Fakulteit voorsien vir twee breë kategorieë: "minder ernstige gevalle" en "meer ernstige gevalle".

- Minder ernstige gevalle (wat eerste oortreders, meer junior studente, beperkte KI-gebruik, en nalatigheid eerder as blatante opset kan insluit) word op departementele of fakulteitsvlak hanteer. Die bestraffing kan onder meer wees dat punte afgetrek word of dat die student se kennis deur middel van 'n ander assessering (bv. 'n mondelinge eksamen) getoets word. Die student kan ook gevra word om hulle rekord van omgang met KI (d.w.s. soekgeskiedenis en porvrae) voor te lê.
- Ernstiger gevalle (wat herhaaldelike oortreders, omvangryke getuienis van onetiese KI-gebruik, en getuienis van growwe nalatigheid of van blatante opset kan insluit) kan deur die Fakulteit na Studentedissipline (Regsdienste) verwys word vir ondersoek.

In alle gevalle waar onetiese KI-gebruik vermoed word, kontak die dosent, modulekoördineerder of departementshoof die student. Die Vorm vir die Dokumentering van Skending van Akademiese Integriteit (Bylae 3) moet ingevul en in die departement bewaar word. Waar toepaslik kan die vorm vir verdere optrede aan Studentedissipline (Regsdienste) voorgelê word.

## Bylae 1
## Plagiaatverklaring vir Studente

Alle studente moet die Plagiaatverklaring lees en onderteken voordat hulle skriftelike werkopdragte inlewer, of moet die elektroniese weergawe van die verklaring op SUNLearn onderteken.

✓ Ek het die US Plagiaatbeleid gelees en begryp dit, asook die omskrywings van "plagiaat" en "selfplagiaat":

> "Die gebruik van ander se idees of materiaal sonder erkenning, of die hergebruik van 'n persoon se eie voorheen geëvalueerde werk of gepubliseerde materiaal sonder erkenning (selfplagiaat)" (par. 3.5).

- ✓ Ek verstaan dat direkte vertalings ook plagiaat is. Gevolglik verskaf hierdie werkopdrag volledige verwysings (erkenning) vir alle aanhalings en bydraes vanuit enige bron (die internet ingesluit). Ek begryp dat dit plagiaat is as 'n mens 'n teks woordeliks aanhaal sonder om aanhalingstekens in te voeg (selfs al gee jy die bronverwysing).

- ✓ Ek verklaar dat die werk wat in hierdie werkopdrag aangebied word, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore – in die geheel óf gedeeltelik – ingehandig het vir bepunting in hierdie óf 'n ander module of werkopdrag nie.

## Bylae 2:
## KI-verklaring vir Studente

Alle studente moet die KI-verklaring lees en onderteken voordat hulle skriftelike werkopdragte inlewer, of moet die elektroniese weergawe van die verklaring op SUNLearn onderteken.

- ✓ Hierdie assesseringsproduk weerspieël my eie leer, kennis, vaardighede en begrip, en ek kan getuienis verskaf om hierdie verklaring te begrond.

- ✓ Waar die gebruik van KI-nutsmiddels uitdruklik verbied is, kan ek met integriteit en eerlikheid sê dat ek nie daarvan gebruik gemaak het nie.

- ✓ Waar die gebruik van KI-nutsmiddels toelaatbaar was, het ek my gebruik van sulke nutsmiddels op rekord gestel. Ek is bereid om die proses wat ek gevolg het, en wat dit tot my leer en insigte bygedra het, te bespreek.

- ✓ Ek is daarvan bewus dat die dosent van my kan vereis om my leer deur middel van 'n bykomende assessering soos 'n mondeling te demonstreer – byvoorbeeld deur die keuses te verduidelik wat ek uitgeoefen het in my benadering, die inhoud wat ek gebruik het, die literatuur wat ek uitgesoek het en my gevolgtrekkings.

- ✓ Ek verstaan dat, as ek nie tot die stellings hier bo kan instem nie, my akademiese gedrag as oneties beskou kan word en dat dit kan lei tot 'n dissiplinêre aanklag teen my op grond van kullery of plagiaat, en dat die standaardprosedures vir sulke gevalle gevolg sal word.

- ✓ Ek begryp dat ek, ooreenkomstig paragraaf 10.2.1 en 10.2.2 van die Dissiplinêre Kode, verantwoordelikheid aanvaar vir die integriteit van my werk, wat die volgende insluit: die plig om by 'n lid van die akademiese personeel duidelikheid te vra as ek oor enigiets onseker is, en om streng te voldoen aan alle instruksies (hetsy mondeling of skriftelik uitgereik) wat ek tydens akademiese assessering vanaf tersaaklike en gemagtigde personeel ontvang.

- ✓ Ek verstaan dat, waar KI-nutsmiddels ontoelaatbaar vir 'n assessering is, of waar ek nie my gebruik van sulke nutsmiddels op rekord kon stel en kan bekendmaak nie, my gedrag as kullery in eksamens en assesserings ingevolge Dissiplinêre Kode 1.1(c) beskou sal word, omdat ek "ongemagtigde nota's [sic.], boeke, elektroniese toestelle of ander verwysingsmateriaal" benut het.

## Bylae 3
## Vorm vir die dokumentering van skending van akademiese integriteit

Hierdie vorm word gebruik om gevalle van plagiaat en onetiese KI-gebruik te beoordeel. Die dosent of modulekoördineerder vul die vorm in, wys dit aan die student wat aangekla word en dien dit dan by die departementshoof in. Nadat die departementshoof die vorm onderteken het, word dit óf aan Studentedissipline (Regsdienste) gestuur, óf vir boekhouding op lêer in die departement bewaar.

Student se naam en van:

Studentenommer:

Module:

Dosent:

Dosent se beskrywing van die geval:

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Dosent se assessering van die vlak van plagiaat/onetiese KI-gebruik:

| | | |
|---|---|---|
| A | Meer ernstige geval: Verwys na Studentedissipline (Regsdienste) vir ondersoek ingevolge die Dissiplinêre Kode vir Studente. | |
| B | Minder ernstige geval: Beoordeel binne die departement. | |

**Proses in geval A**

As die dosent of modulekoördineerder (in oorleg met die departementshoof) beslis dat die voorval 'n "meer ernstige geval" van plagiaat of onetiese KI-gebruik is, moet die student daarvan in kennis gestel en die saak na Studentedissipline (Regsdienste) verwys word vir ondersoek ingevolge die Dissiplinêre Kode vir Studente.

Handtekening van dosent/modulekoördineerder:

**Proses in geval B**

As die dosent of modulekoördineerder beslis dat die voorval 'n "minder ernstige geval" van plagiaat of onetiese KI-gebruik is, het die student die reg om hierdie beslissing te aanvaar óf die geval na Studentedissipline (Regsdienste) te laat verwys vir ondersoek ingevolge die Dissiplinêre Kode vir Studente.

*Verklaring deur student*: Ek bevestig dat daar beslis is dat werk wat ek vir bogenoemde module ingedien het, 'n minder ernstige geval van plagiaat daarstel. My besluit oor hierdie saak is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| B1 | Ek wil hê dat die geval na Studentedissipline (Regsdienste) verwys word vir ondersoek ingevolge die Dissiplinêre Kode vir Studente. | |
| B2 | Ek stem saam dat dit 'n minder ernstige geval van plagiaat hierdie is, en ek aanvaar die sanksie soos hier onder uiteengesit. Ek erken ook dat, deur hierdie opsie te kies, ek van my reg op regsverteenwoordiging afstand doen. | |

*Dosent of modulekoördineerder se besluit oor die gepaste bestraffing:*

| |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| |

Student se handtekening:

Modulekoördineerder/dosent se handtekening:

Datum: